Tema: Vier met elke erediens die “Sabbat” (rus) wat God vir jou in Christus gegee het.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 92-1: 1, 2
Votum
Seën
Lofliedere Ps 100-2:1, 2, 3
Ps 149-2: 1, 2
Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Fokus op die 4 de gebod: Eks 20: 8 - 11 en Jes 58: 13 – 14
Sing Ps 122-1: 1
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Eksodus 31: 12 - 18
Levitikus 23: 1 - 8
Teks: Eksodus 31: 12 – 17
Sing Ps 118-2: 7, 8
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 17-2: 1, 5, 6
Seën
Amenlied Sb13-3.

Brs en srs en liewe kinders

Wat is ʼn erediens vir jou en hoe beleef jy hierdie besondere ontmoeting met die Here?
Sommige mense "woon ʼn erediens by" – soos ʼn fliek of ʼn vertoning. Hulle gesindheid is soos dié van waarnemers wat kom kyk om te geniet of vermaak te word. Die "sukses" van die erediens hang vir sulke mense af van "hoe goed dit was". Was dit vermaaklik, interessant en genotvol?
Het die mense verantwoordelik vir die vertoning goed en professioneel opgetree? Het die dominee goed gepreek en die orrelis goed gespeel? Het die koster gesorg dat dit nie te warm of koud is nie? Was die ander mense in die geleentheid nie lastig of raserig nie?

Ander mense beleef ʼn erediens soos ʼn vergadering. Alles moet ordelik volgens die bekende agenda gebeur en die voorsitter moenie afwyk van die agenda nie. Hulle kom om inligting te kry waarmee hulle die res van die week kan gaan werk. Almal wat die vergadering bywoon moet hulle bydraes lewer en die prosedures volg anders is dit lastig en onordelik.

Nog ander beleef weer die erediens as ʼn sosiale geleentheid wat net gefokus is om mense in ʼn warm, vriendelike atmosfeer bymekaar te kry en te sorg dat almal lekker kan gesels en kuier. Daar moet niks formeel wees nie en almal moet lekker kan saampraat en kuier.

Ja, die vraag is: wat ʼn erediens?

Ons het die afgelope fokusweek gesien dat die erediens ʼn baie spesiale ontmoeting is. Ons het onder andere gesien dat ʼn erediens is om God te aanbid, te loof en te prys. ʼn Erediens is om God se Woord te hoor – op verskillende maniere EN ons het ook gesien dat erediens beteken om met gehoorsaamheid op God se Woord te reageer. Verder het ons geleer dat ʼn erediens ʼn geleentheid is waar gelowiges feestelik ontmoet.

Anders gesê: ʼn erediens is ʼn baie besondere ontmoeting tussen God en gelowiges en die fokus val in die eerste plek daarop om God te dien en tweedens ook om mekaar te dien. Dit is nie bedoel om by te woon nie maar om deel te neem, om diensbaar betrokke te wees. Dit is bedoel om jou verhouding met God en met medegelowiges te beleef en te bevorder.

Brs en srs, daar is egter nog meer aan ʼn erediens! Dit gebeur op ʼn besondere dag! En die dag waarop dit gebeur gee nog ʼn dieper dimensie en betekenis aan ons byeenkoms. Vanmore, geliefdes, verbind ons met die prediking die erediens aan die dag waarop dit gebeur.

En die kern van die boodskap is: Vier met elke erediens dankbaar die Sabbatsrus wat God jou in Christus gegee het.

Ja, om erediens te hou is ook gehoorsaamheid aan God se sabbatsgebod. Dat God ons in die vierde gebod van die Wet beveel om die Sabbat – die rusdag – te onderhou!
Die woord "Sabbat" kom van die Hebreeus woord "shabbath" wat die naam is wat God aan die sewende dag van die week gegee het. Die woord hou ook verband met die getal sewe.

Die woord "Sabbat" beteken ook "rus" of "rusperiode". En die betekenis hiervan is geanker in die skeppingsgebeure waar God vir ses dae geskep het en die sewende dag "gerus" het. Nie dat God moeg was nie, maar sy rus het daarin gelê dat sy skeppingswerk afgehandel was en dat Hy in die rusperiode Hom verlustig het in dit wat Hy geskep het.

En nou beveel God dat die gelowiges hierdie dag ook op ŉ spesiale manier moet deurbring. En om die dag reg deur te bring het God sekere opdragte gegee.

In die eerste plek moet die dag vir God afgesonder word as ŉ sigbare verbondsteken of bewys! Wat beteken dit? Die manier waarop ons die rusdag deurbring moet iets reflekteer van die feit dat ons erkenning gee dat ons anders is as ander mense – ons behoort aan God en ons het ŉ besondere verhouding met Hom.

Dat ons dus op die dag anders optree as ander mense wat nie in God glo nie – is die sigbare verbondbewys of teken dat ons erken dat God ons Verlosser is en dat ons aan Hom behoort. Daarom is die dag "heilig". Heilig beteken hier – spesiaal afgesonder vir God. Die Sabbatdag behoort aan die Here – dit is die een dag van die week wat ek spesiaal die Here dien!

Maar die Here sê ook in Eks 31: 13 dat die dag ook daarop wys dat God ons vir Hom geheilig het! Hy het ons gekies as sy kinders en Hy het ons afgesonder vir Hom. Israel was dus hierdie uitverkore volk van God wat Hy vir Hom gekies het en op Sabbatdag moes hulle optrede aan ander mense wys dat dit waar is. Hulle anderse optrede het gewys: hierdie mense is deur God geheilig!

Hoe is ek en jy geheilig? Ook in die feit dat God ons gekies het maar nou nie meer net Israeliete nie, maar elke mens wat in Jesus Christus glo is so ŉ uitverkore kind van God – vir God afgesonder en geheilig.

Hoekom elkeen wat in Christus glo? Want Christus het kom sorg dat ons nie sterf omdat ons nie die Sabbatdag volkome onderhou nie. Die gebod was: elkeen wat nie

die Sabbat op die regte manier onderhou nie - elkeen wat gevang is dat hy of sy op die Sabbatdag werk, moes doodgemaak word!
Ja, brs en srs, so ernstig is God oor gehoorsaamheid aan die sabbatsgebod dat Hy die doodstraf daarvoor instel! En daardie doodstraf het Christus namens ons kom dra!

Christus het ons in die eerste plek vrygemaak van die verpligting om deur die getroue onderhouding van die Sabbat ons salig te bewerk. Geen mens kan dit doen nie en daarom het Christus dit vir ons kom doen!

Ek en jy kan dus elke Sondag met elke erediens rus van die verskriklike eis dat ek en jy iets moet bydrae deur ons manier van sabbatsonderhouding! God kyk nou nie meer na ons manier van sabbatsonderhouding om te kyk of ons gered kan word nie! Nee, Christus het ons gered en ons rus van die eis dat elke dingetjie wat ek verkeerd sou doen op die Sabbatdag, dat God dit teen my sal hou en dat dit my van die ewige lewe sal beroof!

So word elke erediens ŉ feestelike geleentheid om te wys dat Christus my verlos het van my sonde!

Kinders – ek is seker dat julle al weet van maats by die skool wat nie op Sondae eredienste toe gaan nie en wat nie in die Here glo nie! As daardie maats vir julle sou vra hoekom julle op Sondae eredienste toe gaan dan kan julle vir hulle sê: ons doen dit - want daarmee wys ons dat ons is kinders van God is en Hy help en red ons!

Die tweede opdrag wat die Here gegee het om die Sabbatdag reg te vier was dat die volk op die Sabbatdag nie mag voortgaan met hulle professionele of daaglikse beroepswerk nie, maar moet hulle daarvan rus. Dit was dus ook bedoel as fisieke rus van harde daaglikse werk. Hoekom was dit nodig? Want met die sondeval het daaglikse beroepswerk vir die mens ŉ las geword! Deur die koms van sonde was die aard van werk nou vermoeienis, sweet en swaarkry! En die mens kan so daardeur gedryf word vir sy oorlewing dat sy werk sy hele lewe beheers. Daarom dat die Here die Sabbat instel as rusdag!

God bring met die sabbatswet genade vir die mens wat in sonde en werkslas vasgevang! God bring balans sodat werk nie die mens oorheers nie, maar dat die mens oor sy werk kan heers. Deur op die Sabbat van my beroepswerk te rus – erken ek dat God vir my sorg en dat my versorging nie afhang van die feit dat ek my moet doodwerk nie! Nou kan ek ook rus om God as my gewer en versorger te dien! Wanneer ons hieraan nie gehoorsaam is, maak ons van ons werk ŉ afgod!

Daarom moet alles in ons vermoë doen – ook ons kinders – om eerder ons werk in die week te doen as op Sondae! Natuurlik het Christus ons ook kom leer dat daar

uitsonderinge is en dat ons sekere dinge op Sondae moet doen – maar dit is die uitsondering en nie die reël nie.

Die derde opdrag wat die Here gee is dat die volk op die Sabbatdag ŉ feestelike samekoms moet hou om Hom te dien en eer. Dit was die instelling van die erediens. Hierdie eredienste het die volk gedoen deur in die begin by die tabernakel bymekaar te kom en onder leiding van die priesters offers te bring, te bid en lofliedere te sing. By die samekomste het die priester hulle ook met opgehefde hande geseën.

Later is die sabbatsamekomste by die tempel gevier en God het gedurigdeur die volk herinner aan die belang hiervan en hulle opgeroep tot gehoorsaamheid daaraan. Een van die hoofredes waarom die Here die volk later met ballingskap gestraf het, was omdat hulle nie die Sabbat onderhou het nie.

Met Christus se koms, sy offer en versoeningswerk is al die Ou Testamentiese wettiese reëls volbring en het Christus vir ons die ware rus gebring! Dit is waarom die Nuwe Testamentiese gelowiges na Christus se opstanding op die eerste dag van die week besef het dat ŉ nuwe bedeling aangebreek het en dat die Sabbat nou op die opstandingsdag, die eerste dag van die week, Sondag gevier word!

In Christus het ons eredienste ware feestelike karakter gekry! Brs en srs nou kan elke erediens vir jou ŉ heerlike feesgeleentheid wees om baie dinge te vier:
Ons vier ons vry wees van die straf van die sonde! Christus het ons straf gedra en ons is vry! Nou word ŉ erediens nie ŉ las of plig nie – maar ŉ dankbare feesgeleentheid!

Ons vier ons oorwinning oor die straf van werk! Elke Sondag gee God my spesiale tyd af van die werk om hier in die erediens Hom te km dien! Om bly te wees dat Hy vir my sorg en dat my werk nou ŉ heerlike opdrag is om sy koninkryk te bou! Ek is nie meer slaaf van my werk nie, maar van Christus! Ek fokus nou eers op die koninkryk en Hy gee vir my alles wat ek nodig het!

Ons vier in elke erediens ons spesiale verhouding met God – sy verbond met ons! Ons kom wys vir die wêreld dat ons aan Hom behoort en Hom dien! Ons sonder die dag af as ŉ dag vir God en daardeur eer ons Hom en nie ons eie lewe en voorkeure en behoeftes nie!

En ten slotte is die erediens ook ŉ fees wat die sekerheid vier dat ons die ewige rus van God – die ewige lewe – sal ontvang! Die Sabbat en die feestelike samekoms is ŉ venster op die ewige lewe by God! Elke Sondag en met elke erediens kyk ons ook met verwagting op na die hemel: die Here kom! Ons gaan saam met Hom in ŉ ewige Sabbat lewe!

Geliefdes, mag die Heilige Gees my en jou weer opnuut met verwondering vul oor die rykdom en heerlikheid van ’n erediens en mag ons dit so ervaar wanneer ons elke Sondag God en mekaar hier ontmoet.

Amen